

Munisipaliteit BERGRIVIER Municipality

Rig alle korrespondensie aan:
Die Munisipale Bestuurder
Address all correspondence to:
The Municipal Manager

Verwysing/Reference:

Navrae/Enquiries: Adv. H. Linde



✉ 60
PIKETBERG
7320

☎ (022) 913 6000
📠 (022) 913 1406
E-pos / E-mail:
bergmun@telkomsa.net

Gesamentlike verklaring deur alle politieke partye wat Bergrivier Munisipaliteit se Raad verteenwoordig

DADE VAN GEWELD EN VERNIETIGING VAN EIENDOM

15 Julie 2021

Kennisname:

- Die huidige voorvalle van plundering, geweld en aanval op eiendomme in veral KZN en Gauteng;
- Die impak wat die diefstal, geweld en alle ander kriminele aktiwiteite op die grondwetlike demokrasie en die oppergesag van die Wet in Suid-Afrika het;
- Dat Suid-Afrika tans op Inperking Vlak 4 is en getref word deur die derde vlaag van COVID-19 infeksies, en
- Die veiligheid van mense en eiendom is 'n grondwetlike verantwoordelikheid van die Staat.

Dit is om hierdie rede dat die volgende politieke partye wat Bergrivier Munisipaliteit se Raad verteenwoordig:

- 'n Beroep doen vir vrede en stabiliteit in al ons dorpe in die Bergrivier Munisipale Gebied;
- Waardeer die werk van die wetstoepassingsagentskappe, buurtwagte, private sekuriteitsbedryf, gemeenskapsveiligheidsbeamptes, plaaswagte om die land se wet te beskerm en orde te handhaaf;
- Sal saam met alle gemeenskappe werk as verkose raadslede en openbare verteenwoordigers om wet en orde te handhaaf en die nodige leierskap te bied om kalmte in ons gemeenskappe te skep;
- Doen 'n beroep op ons inwoners regoor ons munisipaliteit om geen fopnuus of enige onbevestigde nuus te versprei nie;
- Die verspreiding van fopnuus is 'n strafbare oortreding en moet ten alle koste gestaak word;
- Werk daaraan om ons mense sowel as privaat, openbare en munisipale eiendom te beskerm; en
- Doen 'n beroep op al ons intergeloofsleiers binne die Bergrivier Munisipal Gebied om ons te lei in gebed vir vrede en stabiliteit in ons land, provinsie en munisipaliteit.

Raadslede – Bergrivier Munisipaliteit:

Demokratiese Alliansie


Rdh. RM van Rooy - Burgemeester
Rdd. SM Crafford - Onderburgemeester

Rdh. A de Vries – Speaker
Rdl. M A Wessels
Rdl. AJ du Plooy
Rdl. J Daniels
Rdl. A Small
Rdl. AA van Wyk
Rdl. SR Swartz

African National Congress

Rdd. SIJ Smit
Rdl. SS Lesch
Rdl. D de Bruin
Rdl. IS Adams

Bly asseblief by die huis tydens gebeure van gewelddadige betogings en gee gehoor aan alle COVID-19 regulasies te alle tye.



RDH. A DE VRIES

SPEAKER – BERGRIVIER MUNISIPALITEIT